MPO Newsletter / Nuusbrief

26 November 2010

Melkproduksie groei stadiger

Groei in melkproduksie het afgeneem sedert die begin van die jaar. Syfers wat onlangs vrygestel is, toon dat melkproduksie gedurende Oktober 2010 1,4% hoër was as in Oktober 2009, wat die laagste jaar-op-jaar-verhoging is sedert Februarie 2010. Totale melkproduksie tydens die eerste tien maande van 2010 is 3,7% hoër as die ooreenstemmende tydperk in 2009. Laer produsentepryse en hoër voerpryse het gelei tot 'n swakker melk-voerprys-verhouding. Die afname in winsgewendheid sal melkproduksie in die toekoms negatief beïnvloed. Die MPO beraam totale melkproduksie in 2010 op 2 580 miljoen liter, 2,9% hoër as 2009. Maandelikse melkproduksie word in Figuur 1 aangetoon.

Figuur 1: Maandelikse melkproduksie, 2008 – 2010

mpoist
Instituut vir Suiweltegnologie
Institute for Dairy Technology
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

agriinspec
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

AgriConnect
Agri Connect (Pty) Ltd
Tel 012 843 5600
www.agriconnect.co.za



MPO-direksievergadering

Die MPO-direksie het hierdie week vergader om 'n wye reeks onderwerpe wat van belang is vir die organisasie en die bedryf te bespreek:

- **MPO finansies**
  Die direksie het kennis geneem van die feit dat die MPO se finansiële posisie tans gesond is, maar dat die organisasie nie volgende jaar oor voldoende fondse gaan beskik teen die bestaande ledegeld wat ontvang word nie. Voorts het die direksie hulle waardering uitgespreek teenoor die 50% van melkprodusente wat reeds ingestem het tot verhoogde ledegeld in die toekoms. Die direksie is bewus van die huidige swak finansiële posise van melkprodusente en het derhalwe besluit om eers vanaf volgende jaar weer die poging te verskerp om ledegeldverhogings deur te voer.
- **Nuwe direkteure**
  Twee nuwe lede, Werner Hartman 'n Jerseyboer van Bonnievale en Rufus Dreyer, 'n melkprodusent van Oesterbaai, is tot die direksie verwelkom. Die MPO

mpo ist
Instituut vir Suiweltegnologie
Institute for Dairy Technology
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

agriinspec
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

agritravel tours
IATA
Tel 012 843 5600
www.agrivia.co.za

mpo ist
Instituut vir Suiweltegnologie
Institute for Dairy Technology
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

direksie is bevoorreg om direkteure van hierdie kaliber aan boord te hê.

- **MPO ontevrede met Melk SA vennootskap**
  Die direksie het saamgestem dat MPO en sy lede nie op gelyke grondslag binne Melk SA hanteer word nie. 'n Besluit is geneem dat dit noodsaaklik is dat die MPO sy posisie as 'n volwaardige vennoot in Melk SA handhaaf. Voorts is besluit dat Melk SA direkteure moet aandring dat statutêre fondse tot voordeel van die primêre en sekondêre suiwelbedryf asook voorheen benadeelde individue aangewend word.
- **Produsente baat by markbeskerming**
  Die suiwelbedryf is die enigste landboubedryf wat voordeel trek uit 'n invoer risikobeheerstelsel wat wettige en onwettige invoer en onregverdige mededinging aanspreek. Die direksie het saamgestem dat produsentepryse met ten minste 65 sent per liter beskerm word deur die markbeskermings- aktiwiteite van die MPO en sy filiaal Agri Inspec. Mnr Bertus de Jongh, uitvoerende hoof van die MPO het opgemerk dat die MPO tans die mees gesofistikeerde markbeskermings-stelsel in landbou toepas.
- **Selfs meer beheer oor suiwelinvoere**
  Mnr. Bertus de Jongh, uitvoerende hoof van die MPO, het genoem dat produsente sal baat by die verbeterde wetstoepassing ten opsigte van suiwelinvoere wat sal volg op diensvlakooreenkomste wat tans tussen die MPO en direktorate van die Suid Afrikaanse Inkomstediens en die departement van landbou, bosbou en visserye ontwikkel word. Mnr de Jongh het verder gesê dat verbeterde beheer daartoe gelei het dat feitlik geen onwettige invoere tans plaasvind nie. Hy maan egter dat voortdurende monitering en verbetering van beheerstelsels krities is om onwettige invoere op die bestaande lae vlakke te hou.

Verdere inligting oor die direksievergadering sal in die Januarie-uitgawe van ***The Dairy Mail*** verskyn.

Lesse van Auckland-beraad

Twee bekende plaaslike melkprodusente, Louwrens Gildenhuys van die Oos-Kaap en Edwin Gerstner van die Wes-Kaap, het die onlangse ISF-Wêreldsuiwelspitsberaad in Nieu-Seeland bygewoon. Gevra oor een ding wat hy in sy onderneming sou inkorporeer, sê Louwrens daar was baie interessante besprekings oor energiebesparing, wat hy beslis sal opvolg en op sy plaas sal toepas. Edwin stem saam en sê hy vind dit interessant dat energie herwin kan word en dat dit ook prakties toegepas kan word. Louwrens sê voorts: "Dit was insiggewend om te sien hoe gestruktureerd die wêreldsuiwelbedryf is. Daar

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

agriinspec
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

mpoist
Instituut vir Suiweltegnologie
Institute for Dairy Technology
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

is uitstekende strukture in plek om te verseker dat die relevante navorsing gedoen word, resultate deurgegee word, veranderings gemaak word waar nodig en amptelik opgeneem word tot voordeel van alle betrokkenes," sê hy. Mnr Bertus de Jongh, uitvoerende hoof van die MPO het ook die beraad bygewoon en sê dat deelname in wêreld suiwelstrategie en – politiek noodsaaklik is om plaaslike melkpryse te beskerm. Die MPO speel 'n belangrike rol deur melkprodusente by sulke geleenthede te verteenwoordig aangesien die aard van melkboerdery die gemiddelde produsente daarvan weerhou om blootstelling aan hierdie dimensie van die suiwelsektor te kry.

Moenie Large Herds-konferensie misloop

Die volgende Large Herds-konferensie word vanaf 6 tot 8 Junie 2011 by die Regent Hotel in Oos Londen aangebied. Die hooftema van die konferensie is: "Volhoubaarheid: beweging van maksimering na optimalisering" . Die voorlopige program is indrukwekkend en prikkel die belangstelling met onderwerpe soos "Gebruik van tegnologie om winste te optimaliseer" en "Verstaan die beginsels van lae-koste hoër-winste boerdery" . Hierdie konferensie beloof om melkprodusente toe te rus met die nuutste inligting aangaande melkboerdery-tegnieke en -tegnologie. Produsente word aangemoedig om die datums aan te teken en nie die konferensie mis te loop nie. Besprekings kan by Agri Travel gedoen word deur hierdie **skakel** te volg.

Nasionale Jongboer van die Jaar

Die Jongboerkomitee van Vrystaat Landbou het Jan Scheepers gekroon as Toyota SA-Agri SA se Nasionale Jongboer van die Jaar. Hy is ook Santam Landbou Vrystaat se Jongboer van die Jaar 2010. Jan is die seun van prominente Oos-Vrystaatse melkprodusent, Michael Scheepers.

Ekonomiese herstel duur voort

Die herstel in die Suid-Afrikaanse ekonomie duur voort. Die Reserwebank se nuutste leidende aanwyser van ekonomiese aktiwiteit, wat toekomstige ekonomiese aktiwiteit aandui, het met 17,5% verbeter sedert September 2009. Die saamvallende aanwysers toon 'n geringe afname van Junie tot Julie 2010. Hierdie aanwyser is egter steeds op sy hoogste vlak sedert 2000. Ander faktore dui ook op beter ekonomiese groei. Kleinhandelverkoopsyfers vir September 2010 toon 'n toename van 6,1% in reële (inflasie-aangepaste) terme teenoor September 2009. Die Reserwebank het verlede week die terugkoopkoers met 0,5 persentasiepunte verminder. Rentekoerse is nou 6,5 persentasiepunte laer as die hoogtepunt van 15,5% in November 2008. Verbruikersinflasie in Oktober was 3,4%, effens hoër as die 3,2% in September. Laer rentekoerse en lae inflasie, asook 'n stadige verbetering in eiendomswaardes sal tot verbeterde marktoestande lei. Indiensneming in die formele sektor het ook effens verbeter

agriinspec
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

mpoist
Instituut vir Suiweltegnologie
Institute for Dairy Technology
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

Cendel
Centre for Producer Development
Sentrum vir Produsente Ontwikkeling
Tel 012 843 5600

agriinspec
Tel 012 843 5600
www.mpo.co.za

vanaf die eerste tot die tweede kwartaal van 2010. Indiensneming in die formele sektor is in die tweede kwartaal van 2010 egter steeds 1,4% laer as in die tweede kwartaal van 2009.

Kopersgids

Lesers wat graag wil sien wat in *The Dairy Mail* se kopersgids geadverteer is, kan hierdie **skakel** gebruik vir diere, landbougrond, voertuie, toerusting, werksgeleenthede, werksoekers en nog baie meer.

Skakels

Melkprodusenteorganisasie - **The Dairy Mail** -

Kontak ons

Bertus de Jongh – Uitvoerende hoof
Barbara Bieldt – Bestuurder: Markbeskerming en ontwikkeling
Dr Koos Coetzee – Ekonoom
Philip Swart – MPO-lededienste

Please take note that this e-mail is not spam. It is a newsletter sent from the MPO to you as valuable dairy producer. ***www.mpo.co.za*** */ 012 843 5600*

Compiled by Agri Connect in conjunction with the MPO

Represents and empowers the producer